VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

8 Mei	**Bennie du Plessis,**. Wyk 10
9 Mei	**Annatjie Vorster,** Wyk 5
10 Mei	**Ina Roos,**. Wyk 1
11 Mei	**Renee Beetge,**. Wyk 10
	Mabel Glöy, Wyk 14
13 Mei	**Reinhardt Coetzer**9. Wyk 16
	Lizaan Nortjé, Wyk 20.
	Danie Walker,. Wyk 20
14 Mei	**Zurich Terblanche,** Wyk 19

Die **gemeente-ete** sal DV **22 Mei om 12:00** in die kerksaal plaasvind.
Ons wil graag getalle weet van wie almal gaan kom.
Skakel vir Loffie Eloff of Malie 018 294 4600 by die kerkkantoor.
Volgende week sal daar meer besonderhede in *Op die Kerkwerf* gegee word.

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.
Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**
Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 15 Sondag 8 Mei 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en Huis Eikelaan om 15:30: Ouderling wyk 3 **Kobus Havenga** en wyk 4 **vakant.** Diakens: Wyk 3 **Rudy van der Spoel** en Wyk 4 **AJ van Niekerk.**
Teebeurt: Susters van Wyke 17 en 18, Marli Nortjé en Sonja Venter

EREDIENSTE Oggend ds J van Dyk, aand teologiese student J Roets

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

OGGEND Die sakrament van die doop word vanoggend aan ***Hailey Baptista*** (geb. 25 Februarie 2022) bedien. Ons verwelkom graag familie en vriende wat saam met Hailey se ouers, Ronnie en Marlet Baptista, hierdie mooi dag in dankbaarheid teenoor die Here mag beleef.
Woordbediening: Psalm 128 (AFR'20). **Fokusvers:** Psalm 128: 1, 4.
TEMA: ***"Die HERE gee geseënde huisgesinne om die welsyn van sy kerk en die gemeenskap te bevorder"***
Sang voor die erediens: Psalm 67: 1, 2, 3.
Sang tydens die erediens: Psalm 100: 1, 2, 3, 4; Psalm 25: 9; Psalm 128: 1, 2, 3; Psalm 128: 4; Psalm 90: 1, 9.

AAND Ons verwelkom graag teologiese student **Jaco Roets** wat vanaand in ons midde sy eksamenpreek in Nuwe Testament sal aflê. Ons bid Jaco die seën van die Here op sy studies toe. Hartlik welkom ook aan proff. Albert Coetsee en Lekgetho Moretsi wat as eksaminatore die preek sal aanhoor. Ons verseker u ook van ons voorbidding vir die kosbare dienswerk wat u aan die TSP verrig.
Woordbediening: Johannes 16.
Fokusverse: Johannes 16: 7 en 8 (5-15)
Sang voor die erediens: Psalm 143:8.
Sang tydens die erediens: Psalm 33:1, 3; Psalm 139:3.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Teologiese Studentekas*** *in* die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi)*.

Ds Brahm Robinson, predikant van die Gereformeerde Kerk Cachet sal DV vanmiddag se diens om 15:30 by Huis Eikelaan waarneem.

LIEF EN LEED

Ita Schulze sterk steeds aan na haar operasie. Sy was Donderdag vir 'n opvolgbesoek en sal moontlik kan terugkeer na haar huis by Eikelaan.
Ons bid haar die krag en genade van ons hemelse Vader toe vir die verdere herstelproses.

Ons volhard ook in ons voorbidding vir **May en André Vorster**. May het toe nié Dinsdag in Potchefstroom met chemoterapie begin nie, maar wel Woensdag in Klerksdorp. Sy is ook opgeneem om die pynmedikasie wat sy ontvang, te optimaliseer. Die verwagting was dat sy Vrydag ontslaan sou word.

Ons volhard in ons voorbidding vir **Miriam Coetzee** wat die afgelope tyd in Medikliniek versorg is. Die verwagting was dat sy Vrydag ontslaan sou word en dan in die versorgingseenheid van Huis Eikelaan opgeneem word. Miriam se toestand het aansienlik verswak.

Wymie du Plessis is Donderdagoggend uit die Anncron Hospitaal ontslaan nadat sy Dinsdagmiddag 'n angiogram ondergaan het. Ons is saam met Wymie die Here dankbaar dat al die ondersoeke gunstige uitslae opgelewer het. Dit is ons gebed dat die geringe aanpassing in die medikasie wat Wymie gebruik, haar lewenskwaliteit sal verbeter. Sy moet voortaan sesmaandeliks kardiologiese ondersoeke ondergaan.



Ons doen voorbidding vir **Pieter Hugo** wat DV Maandag 'n knievervangingsoperasie sal ondergaan. Mag die operasie geseënd wees en u daardeur ook weer lewenskwaliteit uit die hand van ons Here ontvang.

Ons dink aan **Gert Kruger** (snr) wat Vrydag in 'n fratsongeluk beseer is en in die hospitaal opgeneem is. Ons dra hom aan ons hemelse Vader op.

Annemarie Steyn se seun Stefan Steyn en sy familie van Amerika land die 13de Mei 2022 vir 2 weke om te kom kuier. Ons is bly en dankbaar saam met die familie en hoop dit gaan 'n lekker vakansie wees.

VAN ONS KERKRAAD

Katkisasie

	Sondag 8 Mei	Sondag 15 Mei
Lesrooster: Psalmvers:	Les 10 Psalm 8:1 (Graad 1 & 2)	Les 11 Psalm 8: 1 (Graad 3 & 4)
Katkisasie toesig:	Wyk 3: Graad 3 & 4 Wyk 4: Graad 5 & 6	Wyk 5: Graad 7 Wyk 6: Hoëeskoolgroep

Wo	11/05	18:00	Hoërskoolkatkisasie	Les 22

Dagboek

So	08/05	09:30	Sakrament van die doop: *Hailey Baptista*	
		19:00	Ouderlinge vergadering	Ou Kerkie
			Diakonie vergadering	Konsistorie
Ma	9/05	09:00	Ds Jannes: Deputate-vergadering	Admin. Buro
Di	10/05	09:00	Telkommisie 1	Kerkkantoor
		15:00	Bybelstudie Huis Eikelaan	Rooi sitkamer
			Huisbesoeke	Volgens afspraak
Wo	11/05		Huisbesoek	Volgens afsprake
		18:00	Hoërskoolkatkisasie	Jeuglokaal
So	15/05	09:30	Voorbereiding	
		19:00	Ouderlinge met Diakens vergader	Ou Kerkie

 Huisbesoek afsprake soos gereël. Siekesorg en ander pastorale ondersteuning word graag verleen sodra kennis van nood ontvang word.

Belangrike datums om te onthou

So	15/05	19:00	Ouderlinge- en Diakonie-vergadering	Ou Kerkie
So	22/05	09:30	Sakrament van die Nagmaal (een diens)	
		12:00	Gemeente-ete	Kerksaal

Die Kerkblad: Die jongste uitgawe van Die Kerkblad is beskikbaar en intekenare is welkom om dit in die saal af te haal. Ons nooi ook opnuut lidmate wat nie ingeteken is nie, uit om dit asseblief ernstig te oorweeg. Die voort-bestaan van Die Kerkblad is van nuwe intekenare afhanklik en ons glo die blad bevat leesstof wat opbouend is vir ons geestelike lewe.Vir enige inligting kan u skakel met Prof Callie of Piet Aartsma (083 532 9308)

DIE KERKBLAD OP PAD NA 150 JAAR.

Gaan ons die mylpaal bereik? **C F C Coetzee.**

Inleiding

Op 1 April 2023 sal Die Kerkblad D V 150 jaar deel wees van die bestaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Op 1 April 1873 het die eerste uitgawe as “De Maandbode” verskyn en sedert 1 Oktober 1894 was dit bekend as “Het Kerkblad” en later “Die Kerkblad” soos ons dit vandag ken.

Dit is interessant dat daar blykbaar geen amptelike sinodebesluit was wat tot die stigting van die blad gelei het nie. Die eerste redakteur en “stigter van De Maandbode, Prof Jan Lion Cachet, meld wel in die eerste uitgawe dat die behoefte aan ’n tydskrif, gewy aan die belange van die kerke deur vele gevoel is en toe daar op die Algemene Vergadering in die Kaapkolonie “met een enkel woord” daaroor gepraat is, het die gedagte soveel aanmoediging ontvang dat hy nie langer gedurf aarsel het om die uitgawe van die blad te beproef nie (Vry vertaal- CFCC). Prof Cachet noem dit die “eerste spreken onzer Kerk”. Terloops, die intekengeld was sewe sjielings en ses pennies.

Op die Sinode van 1873 (Handelinge 1873:38, art 137) deel Prof Cachet die Sinode mee dat hy onderneem het om ’n kerklike blad, genaamd “De Maandbode” uit te gee, waarvan die eerste nommer reeds verskyn het. Die Sinode neem hiervan met genoë kennis en spreek die hoop uit dat die onderneming mag slaag.

Nadat die saak op verskeie sinodes gedien het, en daar onder andere besin is oor die vraag of De Maandbode, wat as ’n “private onderneming” begin het, voortaan “van wege de kerk” uitgegee sal

word, het die Sinode van 1894 besluit (Handelinge 1894, Art. 155) om die sorg vir die uitgee van die blad aan die Kuratore met die Professore van die Teologiese Skool op te dra. Verder word alle Kerkrade opgewek om ywerig in belang van De Maandbode te werk.

“Veelledige”doel

Prof Cachet stel dit in die eerste uitgawe van 1 April 1873 dat die doel van die blad “veelledig” is. Daar sou elke maand ’n woord van stigting (’n oordenking of preek – CFCC) geplaas word vir lesers wat ver van die kerk af woon en nie elke Sondag die eredienste kan bywoon nie. Verder sou daar ’n spesiale gedeelte vir die kinders wees, sodat nie alleen leeslus nie, maar ook ware godsdiens opgewek word. Daar sou mededelings wees oor belangrike sake wat in die kerke gebeur, ook buitelands. Die saak van die onderwys sou besondere klem ontvang. En daar sou geleentheid wees vir bespreking van die belange van die kerke, die verdediging van ons geloof, die bestryding van dwalinge, ens.

Dit is duidelik gestel dat “geen twisgeskrif of persoonlikhede” die blad mag ontsier nie.

In die eerste uitgawe was daar ook ’n ope brief van Ds (Prof) Dirk Postma aan al die gemeentes wat hy kort tevore besoek het. Die besluite van die Kuratore oor die saak van die Onderwys is ook geplaas asook ’n spesifieke gedeelte vir die kinders, ’n opwekking deur Ds Postma vir ywerige ondersteuning van die blad, en beskrywingspunte wat op die volgende sinode sou dien.

Die pad vorentoe

En nou is dit 149 jaar later. Baie dinge het verander. Maar daar is onveranderlike waarhede wat steeds geldig is en sal bly, hoe die tye en omstandighede ookal wissel.

Daarom is dit ons oortuiging dat die behoefte aan ’n blad soos Die Kerkblad, selfs meer relevant is as in 1873. In die uitgawe van Februarie 2014, met die wisseling van redakteurs, is onder andere daarop gewys dat ons in ’n tyd van ongekende verwarring, twyfel en vervlakking leef. “Oor godsdienssake was daar nog nooit soveel uiteenlopende menings en groepe nie.- Dwaalleer floreer soos onkruid wat kunsmis gekry het. Daar was ook nog nooit soveel twyfelaars nie”.

Teen hierdie agtergrond word dit dan gestel dat daar “’n groter behoefte as ooit” bestaan aan die uitdra van die gereformeerde godsdiens. Die grondslag van Die Kerkblad word onomwonde en

duidelik gestel as die onfeilbare en gesagvolle Woord van God en ons gereformeerde belydenisskrifte wat die waarhede van die Woord in geloofstaal formuleer.

In ooreenstemming met die oorspronklike doel van De Maandbode wil Die Kerkblad steeds Koninkryksgerig die gesag van God se Woord op elke terrein van die lewe bely en uitdra, ons geloof verdedig, dwalinge bestry en ons lesers toerus en opbou vanuit die Woord om staande te bly in die stormagtige en verwarrende tye wat ons beleef. Uiteindelik moet ook alles in Die Kerkblad die ewige waarheid dien en uitdra dat die Drieënige God deur Jesus Christus oor alle dinge regeer, waak oor sy kerk, die wêreldgeskiedenis lei na die oomblik van die voleinding en dat aan Hom alleen al die lof en eer en aanbiddding toekom.

Gaan ons die mylpaal bereik?

So is Die Kerkblad op pad. En tog, aan die vooraand van die viering van die 150 jarige bestaan, het ons met besondere konkrete uitdagings te doen, wat ons die afgelope tyd telkens met ons lesers gedeel het. Dit is duidelik dat die entoesiasme wat in 1873 tot die stigting van De Maandbode gelei het, drasties afgeneem het. Ten spyte van herhaalde oproepe ervaar ons steeds dat die intekenare minder word. Wat die finansies betref, voer ons van maand tot maand 'n oorlewingstryd. Sonder die konkrete en ywerige ondersteuning van ons kerke en lidmate, lyk die toekoms donker.

Opwekking en gebed

Die redaksie doen alles in ons vermoë om met nuwe bemarkingsmetodes en beplanning die voortbestaan van Die Kerkblad te verseker. Sonder die samewerking van ons kerke kan al ons pogings egter moeilik slaag.

Daarom vereenselwig ons ons met die opwekking van Ds Postma in die eerste uitgawe dat Die Kerkblad weer in elke huis gelees sal word en elke kerkraad hulle konkrete ondersteuning sal gee.
En in die woorde van Prof Cachet in die eerste uitgawe, kyk ons op na Hom wat ons tot sover gehelp het en vertrou ons biddend dat Hy ook hierdie werk sal seën tot versterking en uitbreiding van die kerk….en bo alles tot verheerliking van sy Naam. Aan Hom al die eer.

Geopende Deure
FRONTLINIE GELOOF
Vervolg Maar nooit alleen.

Posbus 1771.Cresta Suid-Afrika 2118 +27 11 888 9341 +27 11 888 9362

Streek: Asië **Meerderheidsgeloof:** Islam.
Bevolking: 212 107 000 **Christelike bevolking:** 4 080 000 (1,9%)
Bronne van vervolging: Islamitiese onderdrukking. Georganiseerde korrupsie en misdaad. Diktatoriese paranoia.

PAKISTAN

Christene in Pakistan word as tweedeklasburgers gesien en daar word in elke aspek van die lewe teen hulle gediskrimineer. Kerkleiers kan gearresteer word as hulle nie die owerhede se wense respekteer nie. Hierdie arrestasies dien as waarskuwings aan die Christen-minderheid en intimideer hulle verder. Pakistan se berugte godslasteringwette word aangewend om nie-Moslems (of minderheid-Moslem-sektes) daarvan te beskuldig dat hulle die profeet Mohammed of die Koran beledig – selfs 'n vals beskuldiging kan tot skaregeweld lei. Verder vind 'n stille epidemie van ontvoerings, gedwonge huwelike en gedwonge omskakeling van Christen-meisies en -vroue voortdurend in Pakistan plaas.

BID VIR PAKISTAN

- Bid vir gelowiges wat gevaarlike en afbrekende, onhigiëniese werk verrig. Bid vir gelowiges wat van godslastering beskuldig word, asook vir die algehele Christen-gemeenskap in Pakistan, sodat hulle bemoedig sal word en van uitputting en wanhoop gevrywaar sal word.
- Bid vir die regering en godsdienstige leiers van Pakistan. Vra God om die mense in beheer se harte te versag sodat hulle met 'n oop hand na Pakistanse Christene sal uitreik en verskillende gelowe sal toelaat om vreedsaam te aanbid en hul geloof in Pakistan uit te leef.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.
Cup a soup, min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toiletpapier.